

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

WINDHOEK

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c.

Woensdag 30 Junie 1982

Wednesday 30 June 1982

No. 4644

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
PROKLAMASIES		PROCLAMATIONS	
No. AG. 10 Aanwys van bevoegdhede, pligte en werksaamhede met betrekking waartoe artikel 4(2)(a) en (b) van die Proklamasie op die Ministersraad, 1980, nie van toepassing is nie	1	No. AG. 10 Specification of Powers, Duties and Functions in relation to which section 4(2)(a) and (b) of the Council of Ministers Proclamation, 1980, shall not apply	1
No. AG. 11 Bepaling van datum kragtens artikel 43(3)(b) van Proklamasie AG. 8 van 1980: Aangeleenthede behartig in die Afdeling Plaaslike Besture van die Administrasie van Suidwes-Afrika	2	No. AG. 11 Determination of date under section 43(3)(b) of Proclamation AG. 8 of 1980: Matters carried on in the local authorities division of the Administration of South West Africa	2
No. AG. 12 Wysiging van Proklamasie AG. 8 van 1980	2	No. AG. 12 Amendment of Proclamation AG. 8 of 1982	2

PROKLAMASIES

van die

**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

No. AG. 10 1982

AANWYS VAN BEVOEGDHEDE, PLIGTE EN WERKSAAMHEDE MET BETREKKING WAARTOE ARTIKEL 4(2)(a) EN (b) VAN DIE PROKLAMASIE OP DIE MINISTERSRAAD, 1980, NIE VAN TOEPASSING IS NIE

Kragtens artikel 4(2)(c)(iii) van die Proklamasie op die Ministersraad, 1980 (Proklamasie AG. 19 van 1980), wys ek hierby die bevoegdhede, pligte en werksaamhede verleen by artikels 7(2), 11, 12(3) en 44 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) aan as bevoegdhede,

PROCLAMATIONS

by the

**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

No. AG. 10 1982

SPECIFICATION OF POWERS, DUTIES AND FUNCTIONS IN RELATION TO WHICH SECTION 4(2)(a) AND (b) OF THE COUNCIL OF MINISTERS PROCLAMATION, 1980, SHALL NOT APPLY

Under section 4(2)(c)(iii) of the Council of Ministers Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 19 of 1980), I hereby specify the powers, duties and functions conferred by sections 7(2), 11, 12(3) and 44 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), as powers, duties and func-

pligte en werksaamhede met betrekking waartoe die bepalings van artikel 4(2)(a) en (b) van genoemde Proklamasie nie van toepassing is nie.

D. J. HOUGH

Administrateur-generaal Windhoek, 22 Junie 1982

tions in relation to which the provisions of section 4(2)(a) and (b) of the said Proclamation shall not apply.

D. J. HOUGH

Administrator-General Windhoek, 22 June 1982

No. AG. 11 1982

**BEPALING VAN DATUM KRAGTENS
ARTIKEL 43(3)(b) VAN PROKLAMASIE AG.
8 VAN 1980: AANGELEENTHEDE
BEHARTIG IN DIE AFDELING PLAASLIKE
BESTURE VAN DIE ADMINISTRASIE VAN
SUIDWES-AFRIKA**

Kragtens subartikel (3) van artikel 43 van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), bepaal ek hierby dat die bepalings van subartikel (1) van genoemde artikel 43 op 1 Julie 1982 ophou om ten opsigte van die Uitvoerende Komitee van die Blankes, 'n lid van daardie Uitvoerende Komitee en die administrasie van 'n aangeleentheid kragtens genoemde bepalings van toepassing te wees vir sover dit sodanige administrasie van enige aangeleentheid wat nie 'n in die Bylae by genoemde Proklamasie omskrewe aangeleentheid is nie en waarvan die administrasie onmiddellik voor 1 Junie 1980 deur die Administrasie van Suidwes-Afrika in sy Afdeling Plaaslike Besture behartig is, betref.

D. J. HOUGH

Administrateur-generaal Windhoek, 22 Junie 1982

No. AG. 11 1982

**DETERMINATION OF DATE UNDER
SECTION 43(3)(b) OF PROCLAMATION AG.
8 OF 1980: MATTERS CARRIED ON IN THE
LOCAL AUTHORITIES DIVISION OF THE
ADMINISTRATION OF SOUTH WEST
AFRICA**

Under subsection (3) of section 43 of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980), I hereby determine that the provisions of subsection (1) of the said section 43 shall on 1 July 1982 cease to apply to the Executive Committee of the Whites, any member of that Executive Committee and the administration of any matter under the said provisions in so far as such administration of any matter, which is not a matter defined in the Schedule to the said Proclamation, and of which the administration was carried on by the Administration of South West Africa in its Local Authorities Division immediately before 1 June 1980, is concerned.

D. J. HOUGH

Administrator-General Windhoek, 22 June 1982

No. AG. 12 1982

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 28 Junie
1982)*

**WYSIGING VAN PROKLAMASIE AG. 8
VAN 1980**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

D.J. HOUGH

Administrateur-generaal Windhoek, 23 Junie 1982

No. AG. 12 1982

(Approved by the State President on 28 June 1982)

**AMENDMENT OF PROCLAMATION AG. 8
OF 1980**

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

D.J. HOUGH

Administrator-General Windhoek, 23 June 1982

BYLAE

SCHEDULE

Wysiging van artikel 34 van Proklamasie AG. 8 van 1980

1. Artikel 34 van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980, word hierby gewysig deur in paragraaf (a) van subartikel (2) die woord "drie" deur die woord "vyf" te vervang.

Kort titel

2. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1982.

Amendment of section 34 of Proclamation AG. 8 of 1980

1. Section 34 of the Representative Authorities Proclamation, 1980, is hereby amended by the substitution in paragraph (a) of subsection (2) for the word "three" of the word "five".

Short title

2. This Proclamation shall be called the Representative Authorities Amendment Proclamation, 1982.